



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Skillie-verkeerd-om deur Anna Emm

Skillie-verkeerd-om was maar altyd so 'n bietjie... verkeerd om. Wanneer al die ander skilpadjies netjies in 'n rytjie met die paadjie langs stap, stap Skillie-verkeerd-om wye draaie deur die lang gras. En wanneer al die ander skilpadjies hulle koppies in hulle doppe intrek vir 'n middagslapie, jaag Skillie-verkeerd-om die skoelappers rond.

Op 'n dag sê Skillie-verkeerd-om: "Ek weet nie hoekom almal altyd VORENTOE wil loop nie? Hoekom loop niemand AGTERTOE nie?"

"Moenie laf wees nie!" brom die ander skilpadjies. "Agtertoe loop is moeilikheid soek."

Maar Skillie-verkeerd-om het nog nooit omgee vir moeilikheid nie. Net daar en dan besluit hy dat hy van nou af agteruit gaan loop, en nie meer vorentoe nie. Hy draai sy skilpadlyfie om, loer onderdeur sy beentjies om te sien waar die paadjie gaan, en begin dan stadig-maar-seker, wiggel-waggel agteruit die deur die bos te stap!

Sover Skillie-verkeerd-om agteruit die deur bos stap, skarrel diertjies en dingetjies om uit sy pad te kom. Hy stamp so amper vir Reier onderstebo, en hy trap so amper-amper op Duisendpoot, en hy val so amper-amper-bo-oor Akkedissie.

"Ag nee man, Skillie-verkeerd-om!" raas die diertjies. "Kyk wat maak jy!"

Skillie-verkeerd-om steur hom nie aan die diere nie. Hy stap steeds agteruit, al met die paadjie langs, en elke nou en dan loer hy onderdeur sy beentjies om te sien waar die paadjie gaan. Maar o liewe aarde! Skilpadjies is nie gemaak om agteruit te loop nie, en somer gou kry die moeilikheid ook vir Skillie-verkeerd-om. Hy trap in 'n gat en verloor sy balans, en daar rol Skillie-verkeerd-om onderstebo op sy dop!

"Help! Help!" roep hy benoud, want almal weet dat 'n skilpad nie weer vanself kan regop kom as hy eers geval het nie. Maar niemand kom help vir Skillie-verkeerd-om nie. Almal is vieserig vir hom oor die agteruit-loop. Hy moet nou maar self 'n plan maak. Hy kyk rond en sien 'n lang, dun tak wat eenkant uit die boom hang. Die wind waai die tak heen en weer, heen en weer oor die paadjie, en toe die tak weer verbywaai, gryp Skillie-verkeerd-om dit in sy bek! Sukkel-sukkel trek hy homself weer regop op sy pootjies.

"So ja," sê hy tevrede en skud die stof van hom af. "Ek dink dis beter om liewer VORENTOE te loop as AGTERTOE, of hoe dink julle?"


Die diertjies en dingetjies sê niks, maar hulle hoop dis nou die einde van Skillie-verkeerd-om se verkeerd om wees. En dit was ook... vir 'n rukkie! Want na twee dae van VORENTOE loop, sê Skillie-verkeerd-om een oggend: "Ek wonder hoekom skilpaaie altyd wil STAP, en nie eerder VLIEG nie? Dis tog soveel lekkerder om te vlieg? Ek dink ek gaan vir ons 'n vliegtuig bou!"

En al die ander diere sug baie diep...

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Skillie-verkeerd-om illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za